Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

# Staatskoerant
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
## THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. III.] PRYS 5c KAAPSTAD, 9 MAART 1962. CAPE TOWN, 9TH MARCH, 1962. PRICE 5c [No. 197.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 378.] [9 Maart 1962.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| No. 6 van 1962: | Argiefwet, 1962 .. .. .. .. | 2 |
| No. 7 van 1962: | Wysigingswet op die Landbank, 1962 .. .. .. .. .. | 12 |
| No. 8 van 1962: | Wysigingswet op die Verkoop van Bederfbare Landbouprodukte, 1962 .. .. .. .. .. | 12 |
| No. 9 van 1962: | Wysigingswet op Elektrisiteit, 1962 | 14 |
| No. 10 van 1962: | Wysigingswet op die Yster- en Staalnywerheid, 1962 .. .. | 16 |
| No. 11 van 1962: | Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1962 .. | 18 |
| No. 12 van 1962: | Wysigingswet op die Universiteit van Kaapstad, 1962 .. .. | 46 |
| No. 13 van 1962: | Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1962 .. .. | 10 |

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 378.] [9th March, 1962.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

| | | PAGE |
|---|---|---|
| No. 6 of 1962: | Archives Act, 1962 .. .. | 3 |
| No. 7 of 1962: | Land Bank Amendment Act, 1962 | 13 |
| No. 8 of 1962: | Perishable Agricultural Produce Sales Amendment Act, 1962 .. | 13 |
| No. 9 of 1962: | Electricity Amendment Act, 1962.. | 15 |
| No. 10 of 1962: | Iron and Steel Industry Amendment Act, 1962 .. .. .. .. | 17 |
| No. 11 of 1962: | Unit Trusts Control Amendment Act, 1962 .. .. .. .. | 19 |
| No. 12 of 1962: | University of Cape Town Amendment Act, 1962 .. .. .. | 47 |
| No. 13 of 1962: | University of Pretoria Amendment Act, 1962 .. .. .. | 11 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 6, 1962.]

# WET

**Om voorsiening te maak vir die bewaring en versorging van en die beheer oor argiewe in die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 27 *Februarie* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woord-omskrywing.

**1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „aanwinste" alle dokumente en stukke wat ingevolge artikel *sewe* verkry is; (i)
(ii) „argiefbewaarplek", 'n argiefbewaarplek vermeld in paragraaf (*a*), (*b*) of (*d*) van artikel *vyf*; (iii)
(iii) „argiewe" alle dokumente of stukke wat in die loop van die bestuur van sake in 'n Staatskantoor of 'n kantoor van 'n plaaslike owerheid in so 'n kantoor ontvang of geskep is en waarmee daar dan nie, volgens die aard daarvan of ingevolge 'n ander wet, gehandel moet word anders as ooreenkomstig of ingevolge die bepalings van hierdie Wet nie; (ii)
(iv) „direkteur" die direkteur van argiewe aangestel kragtens artikel *drie*; (v)
(v) „gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (xiv)
(vi) „hierdie Wet" ook die regulasies; (xv)
(vii) „kommissie" die argiefkommissie ingestel by artikel *vier*; (iv)
(viii) „Minister", die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap maar by die toepassing van die bepalings van paragraaf (*e*) van sub-artikel (2) van artikel *drie*, sub-artikel (4) van artikel *vier*, paragraaf (*a*) van die voorbehoudsbepaling by artikel *ses*, sub-artikels (2), (3), (4) en (5) van artikel *nege* en sub-artikel (2) van artikel *twaalf* in die gebied, die Administrateur van genoemde gebied; (ix)
(ix) „plaaslike bestuur" 'n instelling vermeld in paragraaf (*f*) van sub-artikel (1) van artikel *vier-en-tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en 'n instelling in die gebied wat soortgelyk is aan 'n instelling aldus vermeld; (viii)
(x) „provinsiale administrasie" ook die administrasie van die gebied en 'n vorige bestuursowerheid van 'n provinsie en van die gebied; (xii)
(xi) „provinsie" ook die gebied; (xi)
(xii) „regulasies" regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig of van krag ingevolge sub-artikel (2) van artikel *veertien*; (xiii)
(xiii) „Staatskantoor" 'n kantoor van die Regering van die Republiek met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie, en van 'n provinsiale administrasie; (vi)
(xiv) „tussenbewaarplek", 'n tussenbewaarplek vermeld in paragraaf (*c*) van artikel *vyf*; (vii)
(xv) „voorgeskryf" by die regulasies voorgeskryf. (x)

Algemene bevoegdhede en pligte van Minister met betrekking tot argiewe.

**2.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet oefen die Minister beheer uit oor die bewaring en versorging van argiewe en aanwinste.

Aanstelling, bevoegdhede en pligte van direkteur van argiewe.

**3.** (1) Met inagneming van die wette op die Staatsdiens moet die Minister 'n direkteur van argiewe aanstel wat sy werksaamhede kragtens hierdie Wet verrig onderworpe aan die voorskrifte van die Minister.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Wet—

(*a*) is die direkteur belas met die bewaring en versorging van en die beheer oor argiewe en aanwinste;
(*b*) kan die direkteur enige argiewe en aanwinste ondersoek of laat ondersoek vir sover sodanige ondersoek nodig is vir die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet, en kan hy met die goedkeuring van die kommissie magtiging verleen vir die vernietiging van enige argiewe of aanwinste wat volgens sy oordeel efemeer van aard is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 6, 1962.]

# ACT

**To provide for the custody, care and control of archives in the Republic and the territory of South-West Africa, and for matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 27th February, 1962.*)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions.**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "accessions" means any documents and records acquired in terms of section *seven*; (i)

(ii) "archives" means any documents or records received or created in a government office or an office of a local authority during the conduct of affairs in such office and which are from their nature or in terms of any other law not required then to be dealt with otherwise than in accordance with or in terms of the provisions of this Act; (iii)

(iii) "archives depot" means any archives depot referred to in paragraph (*a*), (*b*) or (*d*) of section *five*; (ii)

(iv) "commission" means the archives commission established by section *four*; (vii)

(v) "director" means the director of archives appointed under section *three*; (iv)

(vi) "government office" means any office of the Government of the Republic, including the South African Railways and Harbours Administration, and of any provincial administration; (xiii)

(vii) "intermediate depot" means any intermediate depot referred to in paragraph (*c*) of section *five*; (xiv)

(viii) "local authority" means any institution referred to in paragraph (*f*) of sub-section (1) of section *eighty-four* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and any institution in the territory similar to any institution so referred to; (ix)

(ix) "Minister" means the Minister of Education, Arts and Science but in the application in the territory of the provisions of paragraph (*e*) of sub-section (2) of section *three*, sub-section (4) of section *four*, paragraph (*a*) of the proviso to section *six*, sub-sections (2), (3), (4) and (5) of section *nine* and sub-section (2) of section *twelve*, "Minister" means the Administrator of the said territory; (viii)

(x) "prescribed" means prescribed by the regulations; (xv)

(xi) "province" includes the territory; (xi)

(xii) "provincial administration" includes the administration of the territory, and a prior governing authority of a province and of the territory; (x)

(xiii) "regulations" means any regulations made under this Act or in force in terms of sub-section (2) of section *fourteen*; (xii)

(xiv) "territory" means the territory of South-West Africa; (v)

(xv) "this Act" includes the regulations. (vi)

**General powers and duties of Minister in regard to archives.**

**2.** Subject to the provisions of this Act the Minister shall exercise control over the custody and care of archives and accessions.

**Appointment, powers and duties of director of archives.**

**3.** (1) Subject to the laws governing the public service the Minister shall appoint a director of archives who shall perform his functions under this Act subject to the directions of the Minister.

(2) Subject to the provisions of this Act the director—

(*a*) shall be charged with the custody, care and control of archives and accessions;

(*b*) may inspect or cause to be inspected any archives and accessions in so far as such inspection may be necessary for the performance of his functions under this Act, and may with the approval of the commission authorize the destruction of any archives or accessions which, in his opinion, are of an ephemeral nature;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) kan die direkteur iemand wat belas is met die bewaring of versorging van of die beheer oor enige argiewe, van advies dien met betrekking tot die bewaring, versorging en liassering daarvan;

(d) kan die direkteur met die goedkeuring van die kommissie enige argiewe, aanwinste of oorspronklike bronne of enige tesis of ander werk wat gebaseer is op 'n studie van enige argiewe, aanwinste of sodanige bronne publiseer of laat publiseer of die publikasie daarvan magtig;

(e) kan die direkteur met die goedkeuring van die Minister, verleen ná raadpleging met die kommissie, enige argiewe of aanwinste in 'n argiefbewaarplek of 'n tussenbewaarplek wat oortollig is of nie vir 'n argiefbewaarplek geskik is nie, deur middel van geskenk, ruil of andersins van die hand sit aan 'n biblioteek, museum of ander liggaam;

(f) kan die direkteur op aansoek van iemand en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, vir so iemand navorsing in enige argiewe of aanwinste doen en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak;

(g) kan die direkteur enige argiewe of aanwinste laat herstel of inbind of andersins daarmee laat handel al na gelang hy nodig ag vir die behoorlike behoud daarvan; en

(h) moet die direkteur die ander pligte in verband met argiewe en aanwinste verrig wat die Minister gelas.

(3) Die bepalings van sub-artikel (2) word nie só vertolk nie dat dit die direkteur of iemand anders magtig om iets te doen in stryd met enige regsbepaling of die voorwaardes waarop enige aanwinste verkry is.

**Instelling, samestelling en werksaamhede van argiefkommissie.**

**4.** (1) Hierby word 'n kommissie, bekend as die argiefkommissie, ingestel.

(2) Die kommissie bestaan uit die aantal lede, maar minstens sewe, wat die Minister aanstel.

(3) Die ampstermyn van sodanige lede is soos dit voorgeskryf word.

(4) Die werksaamhede van die kommissie is—

(a) om by die Minister aanbevelings te doen aangaande—

(i) die verkryging van dokumente en stukke deur die direkteur ingevolge artikel *sewe*;

(ii) die van die hand sit van enige argiewe en aanwinste deur die direkteur ingevolge artikel *drie*; en

(iii) oor die algemeen, alle aangeleenthede rakende argiewe; en

(b) om na goeddunke goedkeuring te verleen of te weier vir—

(i) die vernietiging van argiewe of aanwinste wat volgens die oordeel van die direkteur efemeer van aard is; en

(ii) die publikasie van enige argiewe, aanwinste of oorspronklike bronne of enige tesis of ander werk wat gebaseer is op 'n studie van enige argiewe, aanwinste of sodanige bronne.

(5) Die kommissie kan uit die midde van sy lede komitees aanstel en aan 'n komitee aldus aangestel van sy werksaamhede na goeddunke oordra: Met dien verstande dat die kommissie nie ontdoen word nie van 'n werksaamheid wat hy aldus aan so 'n komitee oorgedra het, en 'n besluit van so 'n komitee kan wysig of herroep.

(6) Die prosedure by vergaderings van die kommissie en van so 'n komitee is soos dit voorgeskryf word.

(7) Die kommissie of so 'n komitee kan enigiemand as 'n assessorlid koöpteer om in 'n adviserende hoedanigheid in die kommissie of so 'n komitee, na gelang van die geval, te dien.

(8) Die lede van die argiefkommissie aangestel kragtens artikel *drie* van die Wet op Argiewe, 1953 (Wet No. 22 van 1953), word geag as lede van die kommissie aangestel te wees kragtens hierdie artikel.

**Argiefbewaarplekke en tussenbewaarplekke vir argiewe.**

**5.** Daar is—

(a) by die setel van die Regering van die Republiek, 'n argiefbewaarplek vir argiewe wat ontstaan het in kantore van die Regering van die Republiek;

(b) by die setel van iedere provinsiale administrasie, 'n argiefbewaarplek vir argiewe wat ontstaan het in kantore van dié administrasie en plaaslike owerhede in die betrokke provinsie;

(c) die tussenbewaarplekke wat die Minister met goedkeuring van die Minister van Finansies stig vir die tydelike bewaring van enige argiewe; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) may advise any person charged with the custody, care or control of any archives, in regard to the custody, care and filing thereof;

(d) may with the approval of the commission publish or cause to be published or authorize the publication of any archives, accessions or original sources or any thesis or other work based on a study of any archives, accessions or such sources;

(e) may, with the approval of the Minister, granted after consultation with the commission, by donation, exchange or otherwise dispose of any archives or accessions in an archives depot or an intermediate depot which are redundant or unsuitable for any archives depot, to any library, museum or other body;

(f) may, on the application of any person and on payment of the prescribed fee, do any research into any archives or accessions and make copies thereof or extracts therefrom for such person;

(g) may cause any archives or accessions to be repaired or bound or otherwise dealt with as he may deem necessary for the due preservation thereof; and

(h) shall perform such other duties in connection with archives and accessions as the Minister may direct.

(3) Nothing in sub-section (2) contained shall be construed as authorizing the director or any other person to do anything which is contrary to any legal provision or the conditions under which any accessions were acquired.

**Establishment, constitution and functions of archives commission.**

**4.** (1) There is hereby established a commission to be known as the archives commission.

(2) The commission shall consist of so many members, not being less than seven, as the Minister may appoint.

(3) The term of office of such members shall be as prescribed.

(4) The functions of the commission shall be—

(a) to make recommendations to the Minister in regard to—

(i) the acquisition by the director of documents and records in terms of section *seven*;

(ii) the disposal by the director of any archives and accessions in terms of section *three*; and

(iii) generally, all matters affecting archives; and

(b) in its discretion to grant or refuse approval for—

(i) the destruction of archives or accessions which, in the opinion of the director, are of an ephemeral nature; and

(ii) the publication of any archives, accessions or original sources or any thesis or other work based on a study of any archives, accessions or such sources.

(5) The commission may appoint committees from amongst its members and may assign to any committee so appointed such of its functions as it may deem fit: Provided that the commission shall not be divested of any function which it has so assigned to such a committee and may amend or revoke a decision of such a committee.

(6) The procedure at meetings of the commission and of such a committee shall be as prescribed.

(7) The commission or any such committee may co-opt any person as an assessor member to serve on the commission or on such committee, as the case may be, in an advisory capacity.

(8) The members of the archives commission appointed under section *three* of the Archives Act, 1953 (Act No. 22 of 1953), shall be deemed to have been appointed as members of the commission under this section.

**Archives depots and intermediate depots for archives.**

**5.** There shall be—

(a) at the seat of the Government of the Republic an archives depot for archives which originated in offices of the Government of the Republic;

(b) at the seat of each provincial administration, an archives depot for archives which originated in offices of that administration and local authorities in the province in question;

(c) such intermediate depots as the Minister may with the approval of the Minister of Finance establish for the temporary custody of any archives; and

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*d*) die ander argiefbewaarplekke wat die Minister met goedkeuring van die Minister van Finansies stig.

**Oorplasing van argiewe na bewaarplekke.**

6. Alle argiewe in 'n Staatskantoor of 'n kantoor van 'n plaaslike owerheid wat nie ingevolge een of ander wet deur 'n bepaalde persoon in bewaring gehou moet word nie, moet na die gepaste argiefbewaarplek oorgeplaas word indien hulle dertig jaar oud of ouer is: Met dien verstande dat—

(*a*) die Minister—

(i) op versoek van iemand wat belas is met die bewaring of versorging van of die beheer oor enige sodanige argiewe, toestemming kan verleen dat sodanige argiewe of 'n gedeelte daarvan in die betrokke kantoor gehou word;

(ii) kan gelas dat enige sodanige argiewe wat in 'n kantoor van die Regering van die Republiek ontstaan het en op die geskiedenis van 'n provinsie betrekking het, na die argiefbewaarplek van daardie provinsie oorgeplaas word; en

(iii) kan gelas dat enige sodanige argiewe gerieflikheidshalwe oorgeplaas word na 'n ander argiefbewaarplek deur hom bepaal; en

(*b*) die direkteur—

(i) die oorplasing van enige sodanige argiewe kan uitstel tot op 'n tydstip wat hy goedvind;

(ii) toestemming kan verleen dat sodanige argiewe wat minder as dertig jaar oud is, aldus oorgeplaas word; en

(iii) enige sodanige argiewe na 'n tussenbewaarplek kan oorplaas of laat oorplaas.

**Verkryging van dokumente en stukke vir argiefbewaarplekke.**

7. (1) Die direkteur kan dokumente of stukke wat volgens sy oordeel geskiedkundige waarde het of mag verkry, namens die Staat of die administrasie van die gebied deur middel van aankoop of skenking of in bruikleen, hetsy tydelik of permanent, verkry, hetsy onvoorwaardelik of op die voorwaardes waarop ooreengekom word.

(2) Onderworpe aan enige sodanige voorwaardes wat van toepassing mag wees, moet sodanige dokumente of stukke aldus verkry—

(*a*) namens die Staat, geplaas word in die argiefbewaarplek wat die direkteur bepaal; en

(*b*) namens genoemde administrasie, geplaas word in die argiefbewaarplek van die gebied.

**Tydelike oorplasing van argiewe van een bewaarplek na 'n ander.**

8. Die direkteur kan om enige rede wat hy dienstig ag, enige argiewe of aanwinste tydelik van een argiefbewaarplek na 'n ander oorplaas: Met dien verstande dat hy nie argiewe of aanwinste van 'n argiefbewaarplek in die gebied na so 'n bewaarplek in die Republiek aldus oorplaas sonder die goedkeuring van die Administrateur van die gebied nie.

**Toegang tot argiewe.**

9. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet en onderworpe aan die voorwaardes, indien daar is, waarop enige aanwinste verkry is, het niemand toegang nie tot argiewe of aanwinste, uitgesonderd dié in paragrawe (*a*) en (*b*) van sub-artikel (2) vermeld, wat in 'n argiefbewaarplek of 'n tussenbewaarplek is.

(2) Behoudens die bepalings en onderworpe aan die voorwaardes vermeld in sub-artikel (1), het elke lid van die publiek kosteloos toegang—

(*a*) tot alle argiewe en aanwinste in argiefbewaarplekke en tussenbewaarplekke wat dagteken uit die tydperk geëindig, in die geval van die Republiek, op die een-en-dertigste dag van Mei 1915 en in die geval van die gebied, op die negende dag van Julie 1920; en

(*b*) ná verstryking van iedere tydperk van vyf jaar ná die inwerkingtreding van hierdie Wet, tot alle argiewe en aanwinste in sulke bewaarplekke wat dagteken uit die tydperk van vyf jaar wat dieselfde tydperk eindig ná, in die geval van die Republiek, die een-en-dertigste dag van Mei 1915, en in die geval van die gebied, die negende dag van Julie 1920, as wat eersgenoemde tydperk van vyf jaar eindig ná die inwerkingtreding van hierdie Wet:

Met dien verstande dat—

(i) die Minister op grond van openbare beleid kan gelas dat toegang tot enige sodanige argiewe of aanwinste weerhou word; en

(ii) die direkteur toegang tot enige sodanige argiewe of aanwinste op grond van die brose toestand daarvan kan weier, en toegang daartoe kan weier tot tyd en wyl dit geklassifiseer, herstel of andersins behandel is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


(*d*) such other archives depots as the Minister may with the approval of the Minister of Finance establish.

**Transfer of archives to depots.**

6. All archives in a government office or any office of a local authority which are not in terms of any law required to be kept in the custody of a particular person, shall be transferred to the appropriate archives depot if they are thirty years old or older: Provided that—

(*a*) the Minister may—

(i) at the request of any person charged with the custody, care or control of any such archives, grant permission that such archives or any portion thereof be retained in the office in question;

(ii) direct that any such archives that originated in any office of the Government of the Republic and have a bearing on the history of any province, be transferred to the archives depot of that province; and

(iii) direct that for purposes of convenience any such archives be transferred to any other archives depot specified by him; and

(*b*) the director may—

(i) defer the transfer of any such archives until such time as he deems fit;

(ii) grant permission that any such archives which are less than thirty years old, be so transferred; and

(iii) transfer or cause to be transferred any such archives to any intermediate depot.

**Acquisition of documents and records for archives depots.**

7. (1) The director may on behalf of the State or the administration of the territory acquire by purchase or donation or on loan for a temporary period or in perpetuity, either unconditionally or subject to such conditions as may be agreed upon, any documents or records which, in his opinion, have or may acquire any historical value.

(2) Subject to any such conditions which may be applicable any such documents or records so acquired—

(*a*) on behalf of the State, shall be deposited in the archives depot determined by the director; and

(*b*) on behalf of the said administration, shall be deposited in the archives depot of the territory.

**Temporary transfer of archives from one depot to another.**

8. The director may for any reason deemed expedient by him transfer any archives or accessions temporarily from one archives depot to another: Provided that he shall not so transfer any archives or accessions from an archives depot in the territory to such a depot in the Republic without the approval of the Administrator of the territory.

**Access to archives.**

9. (1) Subject to the provisions of this Act and any other law and the conditions, if any, under which any accessions were acquired, no person shall have access to any archives or accessions, other than those referred to in paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (2), which are in an archives depot or an intermediate depot.

(2) Subject to the provisions and the conditions referred to in sub-section (1), every member of the public shall, free of charge, have access—

(*a*) to all archives and accessions in archives depots and intermediate depots dating from the period ended, in the case of the Republic, on the thirty-first day of May, 1915, and, in the case of the territory, on the ninth day of July, 1920; and

(*b*) after the expiration of each period of five years after the commencement of this Act, to all archives and accessions in such depots dating from the period of five years ending the same period after, in the case of the Republic, the thirty-first day of May, 1915, and in the case of the territory, the ninth day of July, 1920, as such first-mentioned period of five years ends after the commencement of this Act:

Provided that—

(i) the Minister may on the ground of public policy direct that access to any such archives or accessions be withheld; and

(ii) the director may refuse to allow access to any such archives or accessions on the ground of their fragile condition, and may refuse to allow access to any such archives or accessions pending the classification, repair or other treatment thereof.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


(3) Daar is 'n reg van appèl na die Minister teen 'n beslissing van die direkteur kragtens sub-artikel (2) waarby toegang tot enige argiewe of aanwinste geweier word, en die Minister se beslissing oor so 'n appèl is afdoende.

(4) Behoudens die bepalings en onderworpe aan die voorwaardes vermeld in sub-artikel (1) kan die Minister, op aansoek deur iemand, na goeddunke en onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, so iemand magtig om toegang te hê tot enige argiewe of aanwinste in 'n argiefbewaarplek of 'n tussenbewaarplek wat nie vir lede van die publiek toeganklik is nie.

(5) Die Minister kan 'n magtiging aldus verleen te eniger tyd intrek.

(6) Behoudens die bepalings van enige ander wet het niemand toegang tot argiewe in 'n Staatskantoor of die kantoor van 'n plaaslike owerheid nie: Met dien verstande dat iemand wat belas is met die bewaring of versorging van of die beheer oor enige sodanige argiewe, op aansoek deur iemand anders, na goeddunke, maar onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet, so iemand kan magtig om toegang tot daardie argiewe te hê.

**Jaarverslag deur direkteur.**

**10.** (1) Die direkteur moet elke jaar aan die Minister 'n verslag voorlê oor sy werksaamhede en dié van die kommissie gedurende die voorafgaande jaar.

(2) Die Minister moet afskrifte van iedere sodanige verslag in die Senaat en die Volksraad ter tafel lê binne veertien dae ná ontvangs daarvan indien die Parlement dan in gewone sitting is, of, indien die Parlement dan nie in gewone sitting is nie, binne veertien dae ná die aanvang van sy eersvolgende gewone sitting.

**Regulasies.**

**11.** (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) kan die Minister regulasies uitvaardig betreffende—

(*a*) die bewaring, versorging, mikroverfilming en liassering van argiewe en aanwinste;

(*b*) die ondersoek en vernietiging van argiewe en aanwinste deur die direkteur ingevolge artikel *drie*;

(*c*) die vergaderings van die kommissie en van 'n komitee daarvan wat aangestel is ingevolge sub-artikel (5) van artikel *vier*, en die reis- en verblyftoelaes betaalbaar aan lede daarvan en aan assessorlede gekoöpteer ingevolge sub-artikel (7) van genoemde artikel, wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, ten opsigte van 'n tydperk wat hulle met die sake van die kommissie besig is, en ten opsigte van 'n reis onderneem in verband met sodanige sake;

(*d*) die oorplasing van argiewe van Staatskantore of die kantore van plaaslike owerhede na argiefbewaarplekke of tussenbewaarplekke;

(*e*) die toelating van die publiek tot argiefbewaarplekke en tussenbewaarplekke, en tot Staatskantore en kantore van plaaslike owerhede waarin argiewe gehou word, die toegang tot argiewe en aanwinste deur die publiek, en die gebruik van toestelle vir die maak van afskrifte van of uittreksels uit enige argiewe of aanwinste;

(*f*) die tarief van gelde betaalbaar vir die verskaffing van afskrifte van of uittreksels uit enige argiewe of aanwinste of vir navorsing onderneem op versoek van iemand deur die direkteur, en die wyse waarop betaling van enige sodanige gelde moet geskied;

(*g*) oor die algemeen, die doelmatige uitvoering van hierdie Wet.

(2) Die Minister kan regulasies betreffende die reis- en verblyftoelaes en die tarief van gelde vermeld in onderskeidelik paragrawe (*c*) en (*f*) van sub-artikel (1), slegs met goedkeuring van die Minister van Finansies uitvaardig.

**Misdrywe en strawwe.**

**12.** (1) Iemand wat—

(*a*) opsetlik enige argiewe of aanwinste beskadig;

(*b*) anders as ooreenkomstig of ingevolge die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet enige argiewe of aanwinste verwyder of vernietig; of

(*c*) 'n voorwaarde van 'n magtiging verleen ingevolge sub-artikel (4) van artikel *nege* oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) There shall be a right of appeal to the Minister against any decision of the director under sub-section (2) whereby access to any archives or accessions is refused, and the Minister's decision on any such appeal shall be final.

(4) Subject to the provisions and the conditions referred to in sub-section (1) the Minister may, upon application by any person, in his discretion and subject to such conditions as he may impose, authorize that person to have access to any archives or accessions in an archives depot or an intermediate depot to which members of the public have no access.

(5) The Minister may at any time withdraw any authority so granted.

(6) Subject to the provisions of any other law, no person shall have access to any archives in a government office or an office of a local authority: Provided that any person charged with the custody, care or control of any such archives may, upon application by any other person, in his discretion but subject to the provisions of this Act and any other law, authorize that person to have access to those archives.

**Annual report by director.**

**10.** (1) The director shall in each year submit to the Minister a report on his activities and those of the commission during the preceding year.

(2) The Minister shall lay copies of every such report on the Table of the Senate and of the House of Assembly within fourteen days after receipt thereof if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

**Regulations**

**11.** (1) Subject to the provisions of sub-section (2) the Minister may make regulations as to—

(*a*) the custody, care, microfilming and filing of archives and accessions;

(*b*) the inspection and destruction by the director of archives and accessions in terms of section *three*;

(*c*) the meetings of the commission and of a committee thereof appointed in terms of sub-section (5) of section *four*, and the travelling and subsistence allowance payable to members thereof and to assessor members co-opted in terms of sub-section (7) of the said section who are not in the full-time service of the State, in respect of any period during which they are engaged on the business of the commission and in respect of any journey undertaken in connection with such business;

(*d*) the transfer of archives from government offices or the offices of local authorities to archives depots or intermediate depots;

(*e*) the admission of the public to archives depots and intermediate depots, and to government offices and offices of local authorities in which archives are kept, the access to archives and accessions by the public, and the use of equipment for the making of copies of or extracts from any archives or accessions;

(*f*) the tariff of fees payable for supplying copies of or extracts from any archives or accessions or for research undertaken at the request of any person by the director, and the manner in which payment of any such fees shall be effected;

(*g*) generally, the effective administration of this Act.

(2) The Minister may make regulations as to the travelling and subsistence allowances and the tariff of fees referred to in paragraphs (*c*) and (*f*) of sub-section (1) respectively, only with the approval of the Minister of Finance.

**Offences and penalties.**

**12.** (1) Any person who—

(*a*) wilfully damages any archives or accessions;

(*b*) otherwise than in accordance with or in terms of the provisions of this Act or any other law removes or destroys any archives or accessions; or

(*c*) contravenes or fails to comply with any condition of an authority granted in terms of sub-section (4) of section *nine*,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die direkteur kan vir die tydperk wat hy goedvind, weier om aan iemand wat aan 'n misdryf kragtens sub-artikel (1) skuldig bevind is, toegang tot argiewe en aanwinste in 'n argiefbewaarplek of 'n tussenbewaarplek te verleen, onderworpe aan 'n reg van appèl na die Minister wie se beslissing oor so 'n appèl afdoende is.

Vrystelling van aanspreeklikheid ten opsigte van sekere handelinge en versuime, en verjaring van aksies.

**13.** (1) Niemand is siviel- of strafregtelik aanspreeklik nie vir 'n handeling of versuim deur hom in die verrigting van sy werksaamhede of wat hy te goeder trou meen is sy werksaamhede kragtens hierdie Wet, mits dié handeling of versuim te goeder trou was en nie te wyte was nie aan nalatigheid, en ook is die Staat nie aanspreeklik nie vir enige sodanige handeling of versuim.

(2) Indien iemand in 'n regsgeding aanvoer dat enige sodanige handeling of versuim nie te goeder trou was nie of dat dit te wyte was aan nalatigheid, rus die bewyslas om te bewys dat dit die geval was, op hom.

(3) 'n Siviele geding teen die Staat of iemand ten opsigte van so 'n handeling of versuim moet ingestel word binne ses maande nadat die eisoorsaak ontstaan het.

Herroeping van Wet 22 van 1953, en voorbehoud.

**14.** (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) word die Wet op Argiewe, 1953, hierby herroep.

(2) Regulasies wat kragtens genoemde Wet uitgevaardig is en van krag is by die inwerkingtreding van hierdie Wet, bly, vir sover hulle nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, van krag behalwe vir sover hulle gewysig word, en totdat hulle herroep word, deur regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig.

Toepassing van Wet in Suidwes-Afrika.

**15.** Hierdie Wet is ook van toepassing in die gebied met inbegrip van dié gedeelte daarvan wat as die Oostelike Caprivi Zipfel bekend is.

Kort titel en inwerkingtreding.

**16.** Hierdie Wet heet die Argiefwet, 1962, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

---

No. 13, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Private Wet op die Uniwersiteit van Pretoria, 1930.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 2 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van artikel 13 in Wet 13 van 1930.

**1.** Die volgende artikel word hierby na artikel *twaalf* in die Private Wet op die Uniwersiteit van Pretoria, 1930, ingevoeg:

„Tug van studente. **13.** 'n Student aan die Uniwersiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat die statute bepaal.".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1962.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) The director may refuse to allow any person convicted of an offence under sub-section (1) access to any archives and accessions in an archives depot or an intermediate depot for such period as he may deem fit, subject to a right of appeal to the Minister, whose decision on any such appeal shall be final.

**Exemption from liability in respect of certain acts and omissions and limitation of actions.**

**13.** (1) No person shall be civilly or criminally liable for any act or omission by him in the performance of his functions or what he *bona fide* believes to be his functions under this Act, provided such act or omission was *bona fide* and not due to negligence, nor shall the State be liable for any such act or omission.

(2) If in any legal proceedings any person alleges that any such act or omission was not *bona fide* or was due to negligence, the onus of proving that such was the case shall be on him.

(3) Any civil action against the State or any person in respect of any such act or omission shall be commenced within six months after the cause of action has arisen.

**Repeal of Act 22 of 1953, and savings.**

**14.** (1) Subject to the provisions of sub-section (2) the Archives Act, 1953, is hereby repealed.

(2) Any regulations made under the said Act and in force at the commencement of this Act shall, in so far as they are not inconsistent with this Act, remain in force except in so far as they are amended and until repealed by regulations made under this Act.

**Application of Act in South-West Africa.**

**15.** This Act shall also apply in the territory including that portion thereof known as the Eastern Caprivi Zipfel.

**Short title and commencement.**

**16.** This Act shall be called the Archives Act, 1962, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

---

No. 13, 1962.]

# ACT

**To amend the University of Pretoria (Private) Act, 1930.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 2nd March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Insertion of section 13 in Act 13 of 1930.**

**1.** The following section is hereby inserted in the University of Pretoria (Private) Act, 1930, after section *twelve*:

"Discipline of students. **13.** Every student of the University shall be subject to such disciplinary provisions as the statutes may prescribe.".

**Short title.**

**2.** This Act shall be called the University of Pretoria Amendment Act, 1962.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 7, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Landbankwet, 1944.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 27 Februarie* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 20 van Wet 13 van 1944, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 47 van 1959 en artikel 1 van Wet 35 van 1961.

**1.** Artikel *twintig* van die Landbankwet, 1944, word hierby gewysig deur die volgende sub-artikels daarby te voeg:

„(9) Die Minister kan namens die Regering, op die bedinge en voorwaardes wat hy goedvind, die terugbetaling waarborg van geld wat die raad ingevolge die bepalings van hierdie artikel in die buiteland opneem tesame met die rente op en alle ander vorderings in verband met sodanige geld.

(10) 'n Ooreenkoms ingevolge die bepalings van sub-artikel (9) aangegaan, kan namens die Regering deur enigiemand wat deur die Minister skriftelik daartoe gemagtig is, onderteken word.".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Landbank, 1962.

No. 8, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Verkoop van Bederfbare Landbouprodukte, 1961.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 2 Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 14 van Wet 2 van 1961.

**1.** Artikel *veertien* van die Wet op die Verkoop van Bederfbare Landbouprodukte, 1961, word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (2) na die woord „gee" die woorde „en die saldo van daardie opbrengs na aftrekking van enige bedrag wat hy geregtig is om te behou, aan sy prinsipaal te betaal" in te voeg.

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Verkoop van Bederfbare Landbouprodukte, 1962.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 7, 1962.]

# ACT

**To amend the Land Bank Act, 1944.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 27th February,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**1.** Section *twenty* of the Land Bank Act, 1944, is hereby amended by the addition thereto of the following sub-sections: Amendment of section 20 of Act 13 of 1944, as amended by section 5 of Act 47 of 1959 and section 1 of Act 35 of 1961.

"(9) The Minister may on behalf of the Government, on such terms and conditions as he may deem fit, guarantee the repayment of funds which the board may raise abroad in terms of the provisions of this section together with the interest on and all other charges in connection with such funds.

(10) Any agreement entered into in pursuance of the provisions of sub-section (9) may be signed on behalf of the Government by any person authorized thereto by the Minister in writing.".

**2.** This Act shall be called the Land Bank Amendment Act, 1962. Short title.

---

No. 8, 1962.]

# ACT

**To amend the Perishable Agricultural Produce Sales Act, 1961.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 2nd March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**1.** Section *fourteen* of the Perishable Agricultural Produce Sales Act, 1961, is hereby amended by the addition at the end of paragraph (*a*) of sub-section (2) of the words "and to pay to his principal the balance of those proceeds after deducting any amount which he is entitled to retain". Amendment of section 14 of Act 2 of 1961.

**2.** This Act shall be called the Perishable Agricultural Produce Sales Amendment Act, 1962. Short title.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 9, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Elektrisiteitswet, 1958.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 2 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 40 van 1958.

**1.** Artikel *twee* van die Elektrisiteitswet, 1958 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
(*a*) deur in sub-artikel (2) die woord „drie" deur die woord „vyf" en die woord „vyf" deur die woord „sewe" te vervang; en
(*b*) deur in sub-artikel (8) die woord „drie" deur die woord „vyf" te vervang.

Wysiging van artikel 3 van Wet 40 van 1958.

**2.** Artikel *drie* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur sub-artikels (2) en (3) deur die volgende sub-artikels te vervang:
„(2) 'n Kworum vir 'n vergadering van die kommissie is drie lede wanneer die kommissie uit vyf lede bestaan en vier lede wanneer die kommissie uit meer as vyf lede bestaan.
(3) Die besluit van die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering van die kommissie aanwesig is, is die besluit van die kommissie: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat op die vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het."; en
(*b*) deur sub-artikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 24 van Wet 40 van 1958.

**3.** Artikel *vier-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die uitdrukking „(2)" deur die uitdrukking „(3)" te vervang.

Wysiging van artikel 26 van Wet 40 van 1958.

**4.** Artikel *ses-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die uitdrukking „(2)" deur die uitdrukking „(3)" te vervang.

Wysiging van artikel 28 van Wet 40 van 1958.

**5.** Artikel *agt-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (5) die uitdrukking „(*b*)" deur die uitdrukking „(*a*)" te vervang.

Kort titel.

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Elektrisiteit, 1962.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 9, 1962.]

# ACT

**To amend the Electricity Act, 1958.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 2nd March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**1.** Section *two* of the Electricity Act, 1958 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended— Amendment of section 2 of Act 40 of 1958.

(*a*) by the substitution in sub-section (2) for the word "three" of the word "five" and for the word "five" of the word "seven"; and

(*b*) by the substitution in sub-section (8) for the word "three" of the word "five".

**2.** Section *three* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 3 of Act 40 of 1958.

(*a*) by the substitution for sub-sections (2) and (3) of the following sub-sections:

"(2) A quorum for a meeting of the commission shall, when the commission consists of five members, be three members and, when the commission consists of more than five members, be four members.

(3) The decision of the majority of the members present at a meeting of the commission shall be the decision of the commission: Provided that in the event of an equality of votes, the person presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote."; and

(*b*) by the deletion of sub-section (4).

**3.** Section *twenty-four* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the expression "(2)" of the expression "(3)". Amendment of section 24 of Act 40 of 1958.

**4.** Section *twenty-six* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the expression "(2)" of the expression "(3)". Amendment of section 26 of Act 40 of 1958.

**5.** Section *twenty-eight* of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (*b*) of sub-section (5) for the expression "(*b*)" of the expression "(*a*)". Amendment of section 28 of Act 40 of 1958.

**6.** This Act shall be called the Electricity Amendment Act, 1962. Short title.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 10, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Yster- en Staalnywerheid Wet, 1928.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 2 *Maart* 1962.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 11 van 1928, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 32 van 1942.

**1.** Artikel *twee* van die Yster- en Staalnywerheid Wet, 1928 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (2) die woorde „binne die Unie" te skrap; en

(*b*) deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(4) Enige werksaamhede wat die Korporasie gemagtig is om te onderneem en enige handeling wat hy bevoeg is om te verrig in verband met die verwesenliking van sy doeleindes, kan binne of buite die Republiek onderneem of verrig word.".

Wysiging van artikel 7 van Wet 11 van 1928, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 61 van 1934, artikel 1 van Wet 30 van 1935, artikel 2 van Wet 32 van 1942, artikel 1 van Wet 44 van 1946 en artikel 1 van Wet 20 van 1947.

**2.** Artikel *sewe* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (3) die woorde „al dan nie kumulatief" deur die woorde „van die aard in die goedkeuring bepaal" te vervang; en

(*b*) deur in sub-artikel (3)*bis* na die uitdrukking „B-aandele" die woorde „en kumulatiewe voorkeuraandele" en na die woord „voorkeuraandele" die woorde „van die aard deur die Staatspresident goedgekeur" in te voeg.

Wysiging van artikel 10*bis* van Wet 11 van 1928, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 32 van 1942 en gewysig deur artikel 1 van Wet 5 van 1950.

**3.** Artikel *tien bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woorde „rente draende van hoogstens 5½ persent per jaar" te skrap.

Wysiging van artikel 11 van Wet 11 van 1928, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 34 van 1941, artikel 5 van Wet 32 van 1942, artikel 2 van Wet 20 van 1947 en artikel 2 van Wet 5 van 1950.

**4.** Artikel *elf* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woorde „vyftig persent van" te skrap.

Vervanging in Wet 11 van 1928 van verwysings na Goewerneur-generaal deur verwysings na Staatspresident.

**5.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Goewerneur-generaal" orals waar dit daarin voorkom deur die woord „Staatspresident" te vervang.

Kort titel.

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Yster- en Staalnywerheid, 1962.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 10, 1962.]

# ACT

**To amend the Iron and Steel Industry Act, 1928.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 2nd March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 11 of 1928, as amended by section 1 of Act 32 of 1942.

**1.** Section *two* of the Iron and Steel Industry Act, 1928 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the deletion in paragraph (*a*) of sub-section (2) of the words "within the Union"; and

(*b*) by the addition of the following sub-section:

"(4) Any operations which the Corporation is authorized to undertake and any act which it is empowered to perform in connection with the attainment of its objects, may be undertaken or performed within or outside the Republic.".

Amendment of section 7 of Act 11 of 1928, as amended by section 2 of Act 61 of 1934, section 1 of Act 30 of 1935, section 2 of Act 32 of 1942, section 1 of Act 44 of 1946 and section 1 of Act 20 of 1947.

**2.** Section *seven* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-section (3) for the words "whether cumulative or otherwise" of the words "of the nature specified in such approval"; and

(*b*) by the insertion in sub-section (3)*bis* after the expression " 'B' shares" of the words "and cumulative preference shares" and after the words "preference shares" of the words "of such a nature as the State President may approve".

Amendment of section 10*bis* of Act 11 of 1928, as inserted by section 4 of Act 32 of 1942 and amended by section 1 of Act 5 of 1950.

**3.** Section *ten bis* of the principal Act is hereby amended by the deletion in sub-section (1) of the words "carrying interest not exceeding $5\frac{1}{2}$ per cent per annum".

Amendment of section 11 of Act 11 of 1928, as amended by section 1 of Act 34 of 1931, section 5 of Act 32 of 1942, section 2 of Act 20 of 1947 and section 2 of Act 5 of 1950.

**4.** Section *eleven* of the principal Act is hereby amended by the deletion in sub-section (1) of the words "fifty per cent of ".

Substitution for references to Governor-General of references to State President in Act 11 of 1928.

**5.** The principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Governor-General" wherever it occurs of the words "State President".

Short title.

**6.** This Act shall be called the Iron and Steel Industry Amendment Act, 1962.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 11, 1962.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 2 Maart 1962.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 18 van 1947.

**1.** Artikel *een* van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur in die omskrywing van „goedgekeurde effekte" die woord „Tesourie" deur die woord „registrateur" te vervang;

(*b*) deur die omskrywing van „invorderingsgeld" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ,verpligte koste' enige belastingvordering en enige noodsaaklike vordering betaalbaar vir die voordeel van 'n ander persoon as die betrokke bestuursmaatskappy of sy agente in verband met die verkryging van die groepvormende effekte wat in 'n effektegroep ingesluit is of staan te word;";

(*c*) deur na die omskrywing van „vaste-eiendomsmaatskappy" die volgende omskrywing in te voeg:

„ ,aanvangsheffing', met betrekking tot 'n onderaandeel, daardie gedeelte van die verkoopprys van die onderaandeel wat die bestuursmaatskappy se vorderings verteenwoordig ten opsigte van koste deur hom aangegaan en werk deur hom verrig in verband met die skepping en uitreiking van daardie onderaandeel, maar nie ook verpligte koste nie;";

(*d*) deur in die Engelse teks in die omskrywing van „made-up price" die woord „sub-unit" oral waar dit voorkom deur die woord „unit" en die woord „unit" deur die woorde „unit portfolio" te vervang;

(*e*) deur in die omskrywing van „insetprys" die woorde „die bestuursmaatskappy se diensgeld" deur die woorde „'n bedrag bereken om verpligte koste en die bestuursmaatskappy se aanvangsheffing te dek" te vervang;

(*f*) deur na die omskrywing van „eiendomsaandele" die volgende omskrywing in te voeg:

„ ,erkende effektebeurs' 'n effektebeurs gelisensieer kragtens die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), of 'n effektebeurs buite die Unie wat die registrateur vir die doeleindes van hierdie Wet erken;";

(*g*) deur die omskrywing van „effekte" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ,effekte' aandele, effekte, skuldbriewe en obligasies en ook ongedekte skuldbriewe, hetsy hulle inherente opsieregte het of omsitbaar is al dan nie;";

(*h*) deur die omskrywing van „diensgeld" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ,diensgeld' die periodieke vordering wat van die inkomste wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval, afgetrek kan word om die bestuursmaatskappy vir die bestuur van 'n effektegroep te vergoed, en wat in die betrokke trustakte aangedui word as 'n persentasie van die markwaarde van die totale bates waaruit die effektegroep bestaan op die datum waarop die vordering gehef word;";

(*i*) deur die omskrywing van „beurseffekte" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ,beurseffekte' effekte wat deur 'n erkende effektebeurs genoteer word en waarin aldaar besigheid gedryf kan word, en waarvan die pryse in 'n lys vir publikasie deur so 'n effektebeurs uitgereik, gekwoteer word;";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 11, 1962.]

# ACT

**To amend the Unit Trusts Control Act, 1947.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 2nd March,* 1962.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 18 of 1947.

**1.** Section *one* of the Unit Trusts Control Act, 1947 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution in the definition of "approved securities" for the word "Treasury" of the word "registrar";

(*b*) by the substitution for the definition of "collection charge" of the following definition:

" 'compulsory charge' means any fiscal charge and any necessary charge payable for the benefit of a person other than the management company concerned or its agents in connection with the acquisition of the underlying securities included or to be included in a unit portfolio;";

(*c*) by the insertion after the definition of "fixed property company" of the following definition:

" 'initial charge', in relation to a unit, means that portion of the selling price of the unit which represents the management company's charges in respect of expenditure incurred and work performed by it in connection with the formation and issue of such unit, but does not include any compulsory charge;";

(*d*) by the substitution in the definition of "made-up price" for the word "sub-unit" wherever it occurs of the word "unit" and for the word "unit" of the words "unit portfolio";

(*e*) by the substitution in that definition for the words "the management company's service charge" of the words "an amount calculated to cover compulsory charges and the management company's initial charge";

(*f*) by the insertion after the definition of "property shares" of the following definition:

" 'recognized stock exchange' means a stock exchange licensed under the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947), or a stock exchange outside the Union recognized by the registrar for the purposes of this Act;";

(*g*) by the substitution for the definition of "securities" of the following definition:

" 'securities' means shares, stock, debentures, debenture stock and debenture bonds, and includes unsecured notes, whether or not they have inherent option rights or are convertible;";

(*h*) by the substitution for the definition of "service charge" of the following definition:

" 'service charge' means the periodical charge permitted to be deducted from the income accruing due to the holders of unit certificates, to remunerate the management company for managing a unit portfolio, expressed in the relevant trust deed as a percentage of the market value of the total assets comprising the unit portfolio at the date the charge is levied;";

(*i*) by the substitution for the definition of "stock exchange securities" of the following definition:

" 'stock exchange securities' means securities which are listed and authorized to be dealt in on a recognized stock exchange, and of which prices are quoted in a list issued for publication by such stock exchange;";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*j*) deur die omskrywing van „onderaandeel" te skrap;
(*k*) deur die omskrywing van „Tesourie" te skrap;
(*l*) deur in die Engelse teks in die omskrywing van „underlying securities" die woord „unit" behalwe waar dit die vierde maal voorkom, deur die woorde „unit portfolio" te vervang;
(*m*) deur die omskrywing van „effektegroep" of „groep" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ,onderaandeel' 'n belang of onverdeelde aandeel (hetsy dit 'n onderaandeel of iets anders genoem word, en hetsy die waarde van so 'n belang of aandeel bestendig bly of van tyd tot tyd verander) wat deur 'n belegger in 'n effektegroep verkry kan word;";
(*n*) deur in die Engelse teks in die omskrywing van „unit certificate" die woord „sub-units" deur die woord „units" te vervang;
(*o*) deur in die omskrywing van „onderaandeelsertifikaat" die woorde „ingevolge 'n effekte-trustskema" deur die woorde „in 'n effektegroep" te vervang;
(*p*) deur na die omskrywing van „onderaandeelsertifikaat" die volgende omskrywing in te voeg:
„ ,effektegroep' of ,groep' 'n groep effekte waarin lede van die publiek deur 'n bestuursmaatskappy uitgenooi of toegelaat word om onderaandele ingevolge 'n effekte-trustskema te verkry, en ook bedrae in kontant wat deel van die bates met betrekking tot daardie effektegroep uitmaak;";
(*q*) deur in die Engelse teks in die omskrywing van „unit trust scheme" die woord „sub-unit" deur die woord „unit" te vervang; en
(*r*) deur in die omskrywing van „effekte-trustskema" of „trustskema" die woorde „groepe of blokke van vermelde effekte" deur die woord „effektegroepe" te vervang.

Wysiging van artikel 2 van Wet 18 van 1947.

**2.** Artikel *twee* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:
„(1) (*a*) Die Minister kan, met inagneming van die wetsbepalings op die Staatsdiens—
(i) 'n amptenaar aanstel wat die Registrateur van Effekte-trustmaatskappye heet, en die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat ingevolge hierdie Wet aan die registrateur toegewys word; en
(ii) 'n amptenaar aanstel wat die Adjunk-registrateur van Effekte-trustmaatskappye heet en onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die registrateur enigiets kan doen wat die registrateur wettiglik kan doen.
(*b*) 'n Verwysing in hierdie Wet na die registrateur word uitgelê as 'n verwysing ook na die Adjunk-registrateur van Effekte-trustmaatskappye kragtens sub-paragraaf (ii) van paragraaf (*a*) aangestel."; en
(*b*) deur in sub-artikel (2) die woorde „onder die toesig en leiding van die Tesourie, en" te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 18 van 1947.

**3.** Artikel *drie* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur aan die end van paragraaf (*a*) van sub-artikel (2) die woord „en" by te voeg;
(*b*) deur in paragraaf (*b*) van daardie sub-artikel die woorde „van minstens vyf-en-twintigduisend pond" deur die woorde „en 'n kapitaalreserwe wat gesamentlik nie minder as seshonderdduisend rand bedra nie", en die woord „besigheid" deur die woord „effekte-trustbesigheid" te vervang, en die woord „en" aan die end van daardie paragraaf te skrap;
(*c*) deur paragraaf (*c*) van daardie sub-artikel te skrap; en
(*d*) deur in sub-artikel (3) die woorde „vyfhonderd pond" deur die woorde „tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf" te vervang.

Wysiging van artikel 4 van Wet 18 van 1947.

**4.** Artikel *vier* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur aan die end van paragraaf (*a*) en aan die end van paragraaf (*c*) van sub-artikel (3) die woorde „en uit geldelike oogpunt op gesonde beginsels berus" by te voeg;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(j) by the deletion of the definition of "sub-unit";

(k) by the deletion of the definition of "Treasury";

(l) by the substitution in the definition of "underlying securities" for the word "unit", except where it occurs for the fourth time, of the words "unit portfolio";

(m) by the substitution for the definition of "unit" of the following definition:

" 'unit' means any interest or undivided share (whether called a unit or by any other name, and whether the value of such interest or share remains constant or varies from time to time) which may be acquired by an investor in a unit portfolio;";

(n) by the substitution in the definition of "unit certificate" for the word "sub-units" of the word "units";

(o) by the substitution in that definition for the words "under a unit trust scheme" of the words "in a unit portfolio";

(p) by the insertion after the definition of "unit certificate" of the following definition:

" 'unit portfolio' means a group of securities wherein members of the public are invited or permitted by a management company to acquire units pursuant to a unit trust scheme, and includes any amounts in cash forming part of the assets pertaining to such unit portfolio;";

(q) by the substitution in the definition of "unit trust scheme" for the word "sub-unit" of the word "unit"; and

(r) by the substitution in that definition for the words "groups or blocks of specified securities" of the words "unit portfolios".

**Amendment of section 2 of Act 18 of 1947**

**2.** Section *two* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) (a) The Minister may, subject to the laws governing the public service, appoint—

(i) an officer to be styled the Registrar of Unit Trust Companies who shall exercise the powers and perform the duties assigned to the registrar under this Act; and

(ii) an officer to be styled the Deputy Registrar of Unit Trust Companies who may, subject to the control and directions of the registrar, do anything which may lawfully be done by the registrar.

(b) Any reference in this Act to the registrar shall be construed to include a reference to the Deputy Registrar of Unit Trust Companies appointed under sub-paragraph (ii) of paragraph (a)."; and

(b) by the deletion in sub-section (2) of the words "under the control and direction of the Treasury, and".

**Amendment of section 3 of Act 18 of 1947.**

**3.** Section *three* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the addition at the end of paragraph (a) of sub-section (2) of the word "and";

(b) by the substitution in paragraph (b) of that sub-section for the words "of not less than twenty-five thousand pounds" of the words "and a capital reserve which together amount to not less than six hundred thousand rand" and for the word "business" of the words "unit trust business", and the deletion at the end of that paragraph of the word "and";

(c) by the deletion of paragraph (c) of that sub-section; and

(d) by the substitution in sub-section (3) for the words "five hundred pounds" of the words "two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment".

**Amendment of section 4 of Act 18 of 1947.**

**4.** Section *four* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the addition at the end of paragraph (a) and at the end of paragraph (c) of sub-section (3) of the words "and is based on sound financial principles";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) deur in daardie sub-artikel die woorde „artikel *ses*" deur die woorde „sub-artikel (4) van hierdie artikel" te vervang; en

(*c*) deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(4) Die registrateur registreer nie 'n maatskappy as 'n bestuursmaatskappy ingevolge hierdie artikel nie, tensy hy oortuig is dat die maatskappy uit hoofde van sy algemene finansiële en handelstand en die aard van die besigheid deur hom gedryf, toegerus is om die pligte en verantwoordelikhede van 'n bestuursmaatskappy te aanvaar en dat sy registrasie as 'n bestuursmaatskappy in die openbare belang sal wees.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 18 van 1947.

**5.** Artikel *vyf* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (3) die woorde „en van artikel *ses*" te skrap; en

(*b*) deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(4) 'n Maatskappy wat ingevolge hierdie artikel geregistreer is, mag nie sy trustakte wysig met die doel om verdere onderaandele in 'n bestaande effektegroep te skep of om verdere effektegroepe te skep wat 'n onbeperkte aantal onderaandele sal bevat nie, tensy hy ingevolge artikel *vier* geregistreer is.".

Herroeping van artikel 6 van Wet 18 van 1947.

**6.** Artikel *ses* van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 8 van Wet 18 van 1947.

**7.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikels vervang:

„Aard van effekte wat in groepe opgeneem mag word.

**8.** (1) 'n Bestuursmaatskappy mag geen onderaandeel verkoop of te koop aanbied nie, indien—

(*a*) op die datum waarop daardie onderaandeel deur bedoelde maatskappy geskep is, die effektegroep waarop daardie onderaandeel betrekking het—

(i) effekte (behalwe goedgekeurde effekte) uitgereik deur 'n bepaalde onderneming ingesluit het wat meer as vyf persent bedra van die markwaarde van al die effekte wat in die effektegroep opgeneem is, behalwe vir sover die oorskryding te wyte is aan toename of afname in die waarde van die groepvormende effekte wat in daardie effektegroep opgeneem is, maar onderworpe aan die voorbehoud dat so lank as wat die markwaarde van 'n belegging in 'n bepaalde onderneming die in hierdie sub-paragraaf vermelde perke oorskry, die bestuursmaatskappy geen verdere beleggings in die betrokke onderneming mag maak nie; of

(ii) effekte van 'n besondere kategorie (behalwe goedgekeurde effekte) uitgereik deur 'n bepaalde onderneming ingesluit het wat meer bedra as vyf persent van die totale bedrag verteenwoordigende al die effekte van daardie kategorie deur bedoelde onderneming uitgereik, of, in die geval van effekte in die vorm van aandele in 'n beleggingsmaatskappy, tien persent van die totale bedrag van die uitgereikte aandele van bedoelde maatskappy; en

(*b*) minder as vyf-en-negentig persent van die markwaarde van die effekte opgeneem in die effektegroep waarop die onderaandeel betrekking het, bestaan uit beurseffekte of uit effekte (behalwe beurseffekte) deur die bestuursmaatskappy verkry ingevolge die uitoefening van regte verbonde aan enige beurseffekte in die effektegroep opgeneem.

(2) Indien ander effekte as in paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) bedoelde effekte nie binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van die insluiting daarvan in 'n effektegroep, of binne so 'n verdere tydperk as wat die registrateur mag toestaan waar hy oortuig is dat die effekte waarskynlik binne 'n redelike tyd beurseffekte sal word, beurseffekte word nie, moet die betrokke bestuursmaatskappy daardie effekte deur beurseffekte vervang òf teen die waarde waarteen hulle in die effektegroep ingesluit is òf teen die prys wat daarvoor verkry kan word, watter ook al die hoogste is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) by the substitution in that sub-section for the words "section *six*" of the words "sub-section (4) of this section"; and

(*c*) by the addition of the following sub-section:

"(4) The registrar shall not register any company as a management company under this section unless he is satisfied that the general financial and commercial standing of, and the nature of the business conducted by, such company are such as to fit it for assuming the duties and responsibilities of a management company and that its registration as a management company will be in the public interest.".

Amendment of section 5 of Act 18 of 1947.

**5.** Section *five* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the deletion in sub-section (3) of the words "and of section *six*"; and

(*b*) by the addition of the following sub-section:

"(4) No company registered under this section shall amend its trust deed in order to create further units in an existing unit portfolio or to create further unit portfolios which will comprise an unlimited number of units, unless it has been registered under section *four*.".

Repeal of section 6 of Act 18 of 1947.

**6.** Section *six* of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 8 of Act 18 of 1947.

**7.** The following sections are hereby substituted for section *eight* of the principal Act:

"Nature of securities which may be included in unit portfolios.

**8.** (1) No management company shall sell or offer for sale any unit if—

(*a*) at the date on which that unit was created by such company, the unit portfolio to which that unit relates included—

(i) securities (other than approved securities) issued by any one concern to an amount in excess of five per centum of the market value of all the securities comprised in the unit portfolio, except in so far as the excess is due to appreciations or depreciations of the value of the underlying securities comprised in that unit portfolio, but subject to the reservation that so long as the market value of an investment in any particular concern exceeds the limit specified in this sub-paragraph, the management company shall not purchase any further investments in the concern affected; or

(ii) securities of any one class (other than approved securities) issued by any one concern to an amount in excess of five per centum of the aggregate amount representing all the securities of that class issued by that concern, or, in the case of securities in the form of shares in any investment company, ten per centum of the aggregate amount of the issued shares of such company; and

(*b*) the securities included in the unit portfolio to which the unit relates do not consist, to the extent of at least ninety-five per centum of market value, of stock exchange securities or of securities (other than stock exchange securities) acquired by the management company pursuant to the exercise of rights attaching to any stock exchange securities included in the unit portfolio.

(2) If a security, other than a security referred to in paragraph (*b*) of sub-section (1), does not become a stock exchange security within a period of one year from the date of its inclusion in a unit portfolio, or within such further period as the registrar may allow where he is satisfied that the security is likely to become a stock exchange security within a reasonable period, the management company concerned shall substitute stock exchange securities for such securities at either the value at which they were included in the unit portfolio or the price which can be obtained for them, whichever is the higher.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken ,beleggingsmaatskappy' 'n maatskappy waarvan die besigheid hoofsaaklik bestaan uit beleggings in die aandele en effekte van ander maatskappye met die doel om inkomste en wins te verkry, en nie ten einde beheer uit te oefen nie, en wat deur die registrateur goedgekeur is.

Vasstelling van markwaarde.

8*bis*. (1) Wanneer 'n bestuursmaatskappy nie in staat is om 'n markprys vir beurseffekte vir die doeleindes van 'n effekte-trustskema te bepaal nie, moet 'n billike markprys vir die betrokke effekte op versoek van die bestuursmaatskappy deur 'n effektemakelaar wat lid is van 'n gelisensieerde effektebeurs bepaal word.

(2) Indien die betrokke bestuursmaatskappy nie met die prys deur so 'n effektemakelaar bepaal, instem nie, verwys die maatskappy die saak na die komitee van die betrokke effektebeurs wat dan die billike markprys vir bedoelde effekte bepaal, en sy beslissing is afdoende.

Aanvanklike grootte van effektegroep.

8*ter*. Elke effektegroep gevorm ingevolge 'n effekte-trustskema wat die skepping van 'n onbeperkte getal onderaandele in daardie effektegroep op die oog het, moet op die datum waarop dit gevorm word uit groepvormende effekte en kontant tot die markwaarde van minstens vyfhonderdduisend rand bestaan.".

Vervanging van artikel 9 van Wet 18 van 1947.

8. Artikel *nege* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bestuursmaatskappy moet belegging in elke effektegroep maak.

9. (1) Elke bestuursmaatskappy moet, behoudens die bepalings van sub-artikel (2), te alle tye uit sy eie middele in elke effektegroep beleggings ter waarde van minstens tien persent van die waarde van die groepvormende effekte in daardie effektegroep besit, en die onderaandele ten opsigte van sodanige beleggings as belanghebbende eienaar hou: Met dien verstande dat die registrateur op aansoek deur 'n bestuursmaatskappy kan bepaal dat die bedrag aldus deur daardie maatskappy belê, nie tweehonderdduisend rand hoef te oorskry nie.

(2) Die registrateur kan in die geval van 'n bestuursmaatskappy wat by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1962—

(i) 'n effekte-trustskema in ander effekte as eiendomsaandele bestuur het en wat sy trustakte wysig met die doel om meer onderaandele in 'n bestaande effektegroep te skep of om meer effektegroepe te skep wat 'n onbeperkte getal onderaandele sal bevat; of

(ii) 'n effekte-trustskema in eiendomsaandele bestuur het,

die betrokke maatskappy op die voorwaardes wat hy goedvind, en vir die tydperk wat hy bepaal, vrystel van die verpligting om aan die vereistes van sub-artikel (1) te voldoen.".

Wysiging van artikel 10 van Wet 18 van 1947.

9. Artikel *tien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur sub-artikels (1), (2) en (3) deur die volgende sub-artikels te vervang:

„(1) Elke bestuursmaatskappy moet minstens een maal in elke jaar aan elke besitter van 'n onderaandeelsertifikaat in die effekte-trustskema wat daardie maatskappy bestuur, en aan die registrateur, 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en inkomste- en uitgawerekening en die ander state wat nodig mag wees, stuur met betrekking tot die werking van daardie skema gedurende die tydperk wat geëindig het hoogstens drie maande voor die datum waarop bedoelde balansstaat, rekening en state aldus gestuur word, en met betrekking tot die maatskappy se posisie aan die end van daardie tydperk, waarin onder meer aangetoon word—

(*a*) die bestuursmaatskappy se kapitale middele werklik vir die doeleindes van die skema gebruik of vir onmiddellike gebruik daarin beskikbaar;

(*b*) die bedrag werklik deur die bestuursmaatskappy uit eie middele belê of gebruik in elke effektegroep;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) For the purposes of this section, 'investment company' means a company which is engaged primarily in the business of investment in the shares and stocks of other companies for the purpose of revenue and profit and not for the purpose of exercising control, and which has been approved by the registrar.

Determination of market value.

8*bis*. (1) Whenever a management company is unable to determine a market price for stock exchange securities for the purposes of a unit trust scheme, a fair market price for such securities shall at the request of such management company be determined by a stock-broker who is a member of a licensed stock exchange.

(2) If such management company does not agree with the price determined by any such stock-broker, it shall refer the matter to the committee of the stock exchange concerned which shall thereupon determine the fair market price for such securities and whose decision shall be final.

Initial size of unit portfolio.

8*ter*. Every unit portfolio formed pursuant to a unit trust scheme which contemplates the creation of an unlimited number of units in such unit portfolio, shall comprise, as at the date of its formation, underlying securities and cash to the market value of at least five hundred thousand rand.".

Substitution of section 9 of Act 18 of 1947.

**8.** The following section is hereby substituted for section *nine* of the principal Act:

"Management company to make investment in every unit portfolio.

9. (1) Subject to the provisions of sub-section (2), every management company shall of its own resources have at all times invested in every unit portfolio an amount equal to at least ten per centum of the value of the underlying securities in such unit portfolio, and shall hold the units in respect of such investment as beneficial owner: Provided that the registrar may, on application by a management company, determine that the amount so invested by that company shall not be required to exceed two hundred thousand rand.

(2) The registrar may, in the case of a management company which at the commencement of the Unit Trusts Control Amendment Act, 1962, was managing—

(i) a unit trust scheme in securities other than property shares and which amends its trust deed in order to create further units in an existing unit portfolio or to create further unit portfolios which will comprise an unlimited number of units; or

(ii) a unit trust scheme in property shares,

on such conditions as he may deem fit exempt that company from the obligation to comply with the requirements of sub-section (1) for such a period as he may determine.".

Amendment of section 10 of Act 18 of 1947.

**9.** Section *ten* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for sub-sections (1), (2) and (3) of the following sub-sections:

"(1) Every management company shall not less than once in every year transmit to every holder of a unit certificate in the unit trust scheme managed by that company, and to the registrar, a duly audited balance sheet and account of income and expenditure and such other statements as may be necessary, in regard to the operation of that scheme during the period which ended not more than three months before the date on which such balance sheet, account and statements are so transmitted, and in regard to its position as at the end of that period, reflecting *inter alia*—

(*a*) the management company's capital resources actually employed or immediately available for employment for the purposes of the scheme;

(*b*) the amount actually invested or employed by the management company from its own resources in every unit portfolio;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) met betrekking tot elke effektegroep, die totale markwaarde van elk van die onderskeie effekte in daardie effektegroep opgeneem, en die waarde van elk van daardie effekte aangedui—
(i) as 'n persentasie van die totale waarde van bates in die betrokke effektegroep; en
(ii) as 'n persentasie van die totale bedrag aan effekte van daardie kategorie uitgereik deur die onderneming waarin die belegging gehou word,

en aangedui word watter van bedoelde effekte wel of nie beurseffekte is nie, asook die bedrag aan kontant wat in die effektegroep gehou word;

(*d*) die bedrag aan diwidende en rente en enige ander inkomste vir uitkering wat op die groepvormende effekte opgeneem in elke effektegroep toegeval het, met aanduiding van die klasse van inkomste en die bedrag uit elke klas verkry, en hoe die inkomste verdeel is of bedoel is om verdeel te word, met spesiale vermelding van die bedrag, as daar is, vir die amortisasie van effekte ten opsigte van kwynende bates;

(*e*) die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte en enige ander toevallings en ontvangste van 'n kapitale aard wat ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate in die skema belê is of staan te word, met aanduiding van die klasse daarvan en die bedrag uit elke klas verkry, maar met uitsluiting van bedrae uit die verkoop van onderaandele verkry;

(*f*) die totale bedrag uit die verkoop van onderaandele verkry, met aanduiding van die totale bedrag aan verpligte koste betaal, en die totale bedrag ten opsigte van die terugkoop van onderaandele betaal;

(*g*) die inkomste deur die bestuursmaatskappy verkry uit alle bronne in verband met die bestuur van die skema, met vermelding van die bronne en die bedrag uit elke sodanige bron verkry, en sy netto wins of verlies uit die bestuur van die skema;

(*h*) met betrekking tot elke effektegroep, 'n oorsig van die wisselings in die verkoop- en terugkooppryse per enkele onderaandeel gedurende die betrokke tydperk, met inbegrip van die hoogste en laagste verkooppryse en die hoogste en laagste terugkooppryse; en

(*i*) indien effekte ten opsigte van kwynende bates geamortiseer word, die basis gedurende die betrokke tydperk vir die amortisasie van sodanige effekte geneem.

(2) Afskrifte van die in sub-artikel (1) bedoelde balansstaat, rekening en state moet by die geregistreerde kantoor van die bestuursmaatskappy beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur enige besitter van onderaandeelsertifikate in die betrokke effekte-trustskema of ander persoon wat *bona fide* in die aankoop van onderaandeelsertifikate van die maatskappy belang stel.

(3) 'n Bestuursmaatskappy moet bowendien binne 'n tydperk van dertig dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek van die registrateur, of binne so 'n verdere tydperk daarna as wat die registrateur mag toelaat, aan die registrateur sodanige verdere inligting en verduidelikings in verband met 'n in sub-artikel (1) bedoelde balansstaat, rekening of staat verstrek as wat in die versoek aangedui mag word."; en

(*b*) deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (4) die uitdrukking „(4)" deur die uitdrukking „(7)" te vervang.

Invoeging van artikel 10*bis* in Wet 18 van 1947.

**10.** Die volgende artikel word hierby na artikel *tien* in die Hoofwet ingevoeg:

„Aanstelling van ouditeur.

**10*bis*.** (1) 'n Bestuursmaatskappy moet as sy ouditeur 'n persoon aanstel wat geregistreer is kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), en wat 'n openbare praktyk beoefen.

(2) Geen direkteur of werknemer van 'n bestuursmaatskappy, en geen firma waarvan so 'n direkteur of werknemer 'n lid is, word as ouditeur van daardie maatskappy aangestel nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) in respect of every unit portfolio, the total market value of each of the several securities included in that unit portfolio, and the value of each of those securities expressed—

(i) as a percentage of the total value of assets in the unit portfolio concerned; and

(ii) as a percentage of the total amount of securities of that class issued by the concern in which the investment is held,

and indicating which of such securities are stock exchange securities and which are not, as well as the amount of cash held in the unit portfolio;

(*d*) the amount of the dividends and interest and any other income for distribution which have accrued on the underlying securities comprised in every unit portfolio, indicating the classes of income and the amount derived from each class, and how the income has been or is intended to be allocated, mentioning specifically the amount, if any, for amortization of securities in respect of wasting assets;

(*e*) the amount of the proceeds of capital gains, rights and bonus issues and any other accruals and receipts of a capital nature which have been or are to be invested in the scheme for the benefit of certificate holders, indicating the classes thereof and the amount derived from each class, but excluding amounts derived from the sale of units;

(*f*) the total amount derived from the sale of units, indicating the total amount paid in respect of compulsory charges, and the total amount paid in respect of the repurchase of units;

(*g*) the management company's income derived from all sources in the operation of the scheme, indicating the sources and the amount derived from each such source, and its net profit or loss derived from such operation;

(*h*) in respect of each unit portfolio, a review of fluctuations in the selling and repurchase prices per single unit during the period in question, including the highest and lowest selling prices and the highest and lowest repurchase prices; and

(*i*) if securities in respect of wasting assets are amortized, the basis adopted during the period in question for the amortization of such securities.

(2) Copies of the balance sheet, account and statements referred to in sub-section (1) shall be kept available at the registered office of the management company, for inspection during ordinary office hours, by any holder of unit certificates in the unit trust scheme affected or other person *bona fide* interested in the purchase of unit certificates from the company.

(3) A management company shall in addition, within a period of thirty days after receipt of a written request from the registrar, or within such further period thereafter as the registrar may allow, lodge with the registrar such further information and explanations in connection with any balance sheet, account or statement referred to in sub-section (1), as may be specified in the request."; and

(*b*) by the substitution in paragraph (*b*) of sub-section (4) for the expression "(4)" of the expression "(7)".

**10.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section *ten*: **Insertion of section 10*bis* in Act 18 of 1947.**

"Appointment of auditor.

**10*bis*.** (1) A management company shall appoint as its auditor a person registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), who is in public practice.

(2) No director or servant of a management company, and no firm of which any such director or servant is a member, shall be appointed as an auditor of that company.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) Die ouditeur van 'n bestuursmaatskappy moet die boeke ouditeer van elke effekte-trustskema wat deur daardie maatskappy bestuur word.

(4) Die ouditeur moet homself daarvan vergewis dat elke rekening, staat en balansstaat ter voldoening aan artikel *tien* of artikel *drie-en-dertig* opgemaak, behoorlik opgestel is ten einde 'n getroue en billike oorsig te gee van die stand van die sake van die bestuursmaatskappy volgens die boeke gehou deur die bestuursmaatskappy en enige ander inligting wat vir daardie doel nodig mag wees, en moet, indien hy homself aldus vergewis het, sodanige rekening, staat of balansstaat dienooreenkomstig waarmerk, of, indien hy homself nie aldus kan vergewis nie, dit waarmerk onderworpe aan die voorbehoude wat hy nodig ag.

(5) Die ouditeur moet aan die bestuursmaatskappy enige onreëlmatigheid of ongewenste praktyk rapporteer in verband met die bestuur van die maatskappy se bedryf, of van enige effekte-trustskema deur hom bestuur, wat onder sy aandag gekom het, en as daardie onreëlmatigheid of ongewenste praktyk nie binne 'n tydperk van een maand vanaf die datum waarop dit aan die bestuursmaatskappy gerapporteer is, uitgeskakel of gestaak word nie, moet die ouditeur dit aan die registrateur rapporteer.".

Wysiging van artikel 11 van Wet 18 van 1947.

**11.** Artikel *elf* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Indien daar in 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enigeen van sy gemagtigde agente gepubliseer met die doel om die verkoop van onderaandele te bevorder, die prys van enige onderaandeel vermeld word of na 'n bepaalde effektegroep verwys word, moet onderstaande besonderhede met betrekking tot elke sodanige onderaandeel of effektegroep duidelik daarin aangegee word, te wete—

(*a*) die bestuursmaatskappy se aanvangsheffing, aangedui as 'n persentasie van die insetprys van die aangebode onderaandeel;

(*b*) die bestuursmaatskappy se diensgeld;

(*c*) die bedinge en voorwaardes waarop die bestuursmaatskappy onderneem om onderaandele van die besitters daarvan terug te koop; en

(*d*) of effekte ten opsigte van kwynende bates opgeneem in die betrokke effektegroep geamortiseer word al dan nie, en, indien wel, die basis van sodanige amortisasie.";

(*b*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (2) die woord „sub-unit" waar dit ook al voorkom deur die woord „unit" te vervang;

(*c*) deur in daardie sub-artikel die woord „invorderingsgeld" deur die woord „diensgeld" te vervang;

(*d*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (4) die woord „sub-units" deur die woord „units", en die woord „unit", behalwe waar dit die tweede maal voorkom, deur die woorde „unit portfolio" te vervang;

(*e*) deur in daardie sub-artikel na die woorde „opgeneem is" die woorde „op 'n datum nie vroeër nie as die end van die tydperk ten opsigte waarvan die laaste uitkering van inkomste geskied het" in te voeg; en

(*f*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (5) die woorde „sub-units" en „unit" waar hulle ook al voorkom onderskeidelik deur die woorde „units" en „unit portfolio" te vervang.

Wysiging van artikel 14 van Wet 18 van 1947.

**12.** Artikel *veertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die Engelse teks in paragraaf (*a*) die woord „sub-unit" waar dit ook al voorkom deur die woord „unit", en in paragraaf (*b*) die woord „sub-units" deur die woord „units" te vervang.

Herroeping van artikel 15 van Wet 18 van 1947.

**13.** Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 16 van Wet 18 van 1947.

**14.** Artikel *sestien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (1) die woord „sub-units" deur die woord „units" te vervang; en

(*b*) deur aan die end van daardie sub-artikel die woorde „of uit hoofde van enige onderskrywingsbesigheid wat hy doen: Met dien verstande dat dit nie vir 'n bestuursmaatskappy wat as verteenwoordiger van die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) The auditor of a management company shall audit the books of every unit trust scheme managed by such company.

(4) The auditor shall satisfy himself that every account, statement and balance sheet prepared in compliance with section *ten* or section *thirty-three*, is properly drawn up so as to exhibit a true and fair view of the state of affairs of the management company according to the books kept by the management company and any other information which may be necessary for that purpose, and shall, if he has so satisfied himself, attest such account, statement or balance sheet accordingly, or, if he cannot so satisfy himself, attest it subject to such qualifications as he may deem necessary.

(5) The auditor shall report to the management company any irregularity or undesirable practice in the conduct of the business of the company or of any unit trust scheme managed by it which has come to his notice, and if that irregularity or undesirable practice is not rectified or discontinued within a period of one month as from the date upon which it was reported to the management company, the auditor shall report it to the registrar.".

**11.** Section *eleven* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 11 of Act 18 of 1947.

(*a*) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) If in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or by any of its authorized agents for the purpose of promoting the sale of units, the price of any unit is mentioned or a particular unit portfolio is referred to, the undermentioned particulars shall be clearly set forth therein with reference to each such unit or unit portfolio, namely—

(*a*) the management company's initial charge, expressed as a percentage of the made-up price of the unit offered;

(*b*) the management company's service charge;

(*c*) the terms and conditions upon which the management company undertakes to repurchase units from the holders thereof; and

(*d*) whether or not securities in respect of wasting assets included in the unit portfolio concerned are amortized and, if so, the basis of such amortization.";

(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the word "sub-unit" wherever it occurs of the word "unit";

(*c*) by the substitution in the said sub-section for the word "collection" of the word "service";

(*d*) by the substitution in sub-section (4) for the word "sub-units" of the word "units" and for the word "unit", except where it occurs for the second time, of the words "unit portfolio";

(*e*) by the insertion in that sub-section after the word "specified" of the words "as at a date not earlier than the end of the period in respect of which the last distribution of income was made"; and

(*f*) by the substitution in sub-section (5) for the words "sub-units" and "unit" wherever they occur of the words "units" and "unit portfolio" respectively.

**12.** Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (*a*) for the word "sub-unit" wherever it occurs of the word "unit" and in paragraph (*b*) for the word "sub-units" of the word "units". Amendment of section 14 of Act 18 of 1947.

**13.** Section *fifteen* of the principal Act is hereby repealed. Repeal of section 15 of Act 18 of 1947.

**14.** Section *sixteen* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 16 of Act 18 of 1947.

(*a*) by the substitution in sub-section (1) for the word "sub-units" of the word "units"; and

(*b*) by the addition at the end of that sub-section of the words "or by virtue of any underwriting business done by it: Provided that a management company, acting as the agent of the holders of unit certificates,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



besitters van onderaandeelsertifikate optree, verbode is om met 'n effektemakelaar te deel in die makelaarsloon wat uit transaksies in effekte in verband met 'n effekte-trustskema voortspruit nie; en met dien verstande voorts dat dit nie vir 'n bestuursmaatskappy wat as 'n gemagtigde handelaar in vreemde valuta aangestel is, verbode is om uit enige transaksie in vreemde valuta waarby die koop of verkoop van effekte gehou buite die Unie betrokke is, wins te maak nie" by te voeg.

Vervanging van artikel 17 van Wet 18 van 1947.

**15.** Artikel *sewentien* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toelaatbare aftrekkings van uitkeerbare opbrengste.

**17.** (1) Indien 'n bestuursmaatskappy die effekte ten opsigte van kwynende bates opgeneem in 'n effektegroep amortiseer, moet die maatskappy van die bedrae wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval (behalwe die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte van aandele) sodanige bedrae as wat nodig geag word vir die amortisasie van sodanige effekte aftrek, en die bedrae aldus afgetrek moet belê word in effekte wat in die betrokke effektegroep opgeneem moet word.

(2) Geen ander bedrae hoegenaamd as die in sub-artikel (1) bedoelde bedrae en die bestuursmaatskappy se diensgeld, mag deur die bestuursmaatskappy van die bedrae wat aan die besitters van onderaandeelsertifikate toeval, afgetrek word nie.".

Vervanging van artikel 18 van Wet 18 van 1947.

**16.** Artikel *agtien* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verandering van beleggings.

**18.** (1) 'n Bestuursmaatskappy kan, indien hy dit in die beste belang van die besitters van onderaandeelsertifikate ag, enige van die groepvormende effekte opgeneem in 'n effektegroep verkoop of van die hand sit, en moet sodanige effekte vervang deur ander groepvormende effekte of kontant gelyk in waarde aan die netto bedrag verkry uit die effekte wat van die hand gesit is, min die verpligte koste ten opsigte van die effekte in die plek daarvan gestel.

(2) Elke bestuursmaatskappy moet minstens een maal elke ses maande aan die besitters van sertifikate in enige effektegroep deur hom bestuur, en aan die registrateur, 'n volledige lys verstrek van al die groepvormende effekte in daardie effektegroep opgeneem, en moet minstens een maal elke maand aan elk van sy gemagtigde agente en aan die registrateur 'n opgawe verstrek waarin die heersende verkoopprys van onderaandele in elk van sy effektegroepe aangegee word, en so 'n opgawe moet deur elke sodanige agent beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur elke besitter van 'n onderaandeelsertifikaat deur die maatskappy uitgereik en enigiemand anders wat *bona fide* in die aankoop van sodanige sertifikate belang stel.".

Wysiging van artikel 19 van Wet 18 van 1947.

**17.** Artikel *negentien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Geen bestuursmaatskappy mag 'n onderaandeel ingevolge 'n effekte-trustskema verkoop teen 'n prys wat die insetprys van daardie onderaandeel met 'n afrondingstoevoeging van meer as een sent te bowe gaan nie: Met dien verstande dat waar onderaandele in 'n pas gestigte effektegroep vir die eerste maal aan die publiek aangebied word, dit vir 'n bestuursmaatskappy geoorloof is om 'n eerste aanbod op 'n bepaalde datum of vir 'n bepaalde tydperk van 'n bepaalde getal onderaandele te maak teen 'n vaste prys gebaseer op die insetprys van die onderaandele op 'n vorige datum wat nie vroeër as veertien dae voor die sluitingsdatum van die aanbod is nie.";

(*b*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (2) die woord „sub-units" oral waar dit voorkom deur die woord „units" te vervang; en

(*c*) deur in daardie sub-artikel die woord „pennie" deur die woord „sent" te vervang.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



shall not be prohibited from sharing with a stockbroker in the broker's commissions arising out of transactions in securities in respect of a unit trust scheme; and provided further that a management company which has been appointed as an authorized dealer in foreign exchange shall not be prohibited from earning a profit on any foreign exchange transaction involving the purchase or sale of securities held outside the Union".

**15.** The following section is hereby substituted for section *seventeen* of the principal Act: Substitution of section 17 of Act 18 of 1947.

"Permissible deductions from distributable yields. **17.** (1) If a management company amortizes the securities in respect of wasting assets included in a unit portfolio, the company shall deduct from the amounts accruing due to the holders o unit certificates (not being the proceeds of capital gains, rights and bonus issues of shares) such amounts as may be considered necessary for the amortization of such securities, and such deducted amounts shall be invested in securities which shall be included in the unit portfolio concerned.

(2) No other amounts whatsoever than those referred to in sub-section (1) and the management company's service charge shall be deducted by the management company from the amounts accruing due to the holders of unit certificates.".

**16.** The following section is hereby substituted for section *eighteen* of the principal Act: Substitution of section 18 of Act 18 of 1947.

"Change of investments. **18.** (1) A management company may, if it considers it in the best interests of the holders of unit certificates to do so, sell or dispose of any of the underlying securities comprised in a unit portfolio, and shall substitute for such securities other underlying securities or cash equal in value to the net amount realised for the securities disposed of, less the compulsory charges in respect of the securities substituted.

(2) Every management company shall at least once every six months furnish to the holders of certificates in any unit portfolio managed by it, and to the registrar, a full list of all the underlying securities comprised in that unit portfolio, and shall at least once every month furnish each of its authorized agents and the registrar with a statement showing the current selling price of units in each of its unit portfolios, and any such statement shall be kept available by every such agent for inspection, during ordinary office hours, by every holder of a unit certificate issued by the company and any other person *bona fide* interested in the purchase of such certificates.".

**17.** Section *nineteen* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 19 of Act 18 of 1947.

(*a*) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) No management company shall sell any unit under a unit trust scheme at a price which exceeds the made-up price of that unit plus a rounding-off accrual of not more than one cent: Provided that where units in a newly established unit portfolio are offered to the public for the first time, a management company shall be permitted to make an initial offer on a specified date or for a specified period of a specific number of units at a fixed price based on the made-up price of the units on a previous date which shall not be more than fourteen days prior to the closing date of the offer.";

(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the word "sub-units" wherever it occurs of the word "units"; and

(*c*) by the substitution in that sub-section for the word "penny" of the word "cent".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wysiging van artikel 20 van Wet 18 van 1947.

**18.** Artikel *twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) na die woord „maatskappy" die woorde „of instelling" in te voeg;
(*b*) deur paragraaf (*a*) van sub-artikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(*a*) 'n opbetaalde kapitaal en onaangetaste reserwes wat tesame ten minste eenmiljoen rand bedra, handhaaf;";
(*c*) deur aan die end van paragraaf (ii) van sub-artikel (3) die woorde „en dat die maatskappy of instelling uit hoofde van die aard van sy besigheid voldoende ondervinding het en behoorlik toegerus is om daardie pligte en verantwoordelikhede te aanvaar" by te voeg;
(*d*) deur in sub-artikel (4) die woorde „vyfhonderd pond" deur die woorde „tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf" te vervang; en
(*e*) deur aan die end van sub-artikel (5) die woorde „behalwe waar die trustakte ten opsigte van so 'n skema ná die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1962, gewysig is ten einde die skepping van verdere onderaandele in 'n bestaande effektegroep of die skepping van verdere effektegroepe wat 'n onbeperkte getal onderaandele sal bevat, toe te laat" by te voeg.

Wysiging van artikel 21 van Wet 18 van 1947.

**19.** Artikel *een-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel by te voeg:
„(3) 'n Trustee ingevolge 'n effekte-trustskema wat versuim om onder andere toe te sien dat aan die bepalings van die trustakte met betrekking tot die beleggingsbeleid van die skema gevolg gegee word, is aan 'n misdryf skuldig.".

Vervanging van artikel 22 van Wet 18 van 1947.

**20.** Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aangeleenthede waarvoor in trustaktes voorsiening gemaak moet word.

**22.** (1) Elke trustakte moet die reëls vir die administrasie van die betrokke effekte-trustskema voorskryf, en moet onder andere bepalings met die volgende strekking bevat, te wete—
(*a*) dat die trustee onderworpe aan die voorwaardes van die trust, die groepvormende effekte in trust moet hou vir die besitters van onderaandeelsertifikate wat daarop betrekking het;
(*b*) dat die trustee elke onderaandeelsertifikaat grafies of andersins moet mede-onderteken voordat dit deur die bestuursmaatskappy aan 'n koper afgelewer word;
(*c*) dat die trustee 'n onderaandeelsertifikaat nie aldus mag mede-onderteken nie tensy die bestuursmaatskappy hom in besit van die kontantopbrengs van die uitreiking van daardie sertifikaat of van effekte tot die nodige waarde, tesame met alle dokumente wat nodig is om oordrag daarvan te bewerkstellig, gestel het;
(*d*) dat—
(i) gelde wat vir belegging toeval uit die verkoop van onderaandele;
(ii) diwidende, rente of enige ander inkomste wat aan groepvormende effekte toeval;
(iii) die opbrengs van kapitale winste, regte of bonusuitgifte; en
(iv) gelde wat deur die bestuursmaatskappy uit die verkoop van groepvormende effekte ontvang word,
aan die trustee in kontant oorhandig moet word of in 'n deur die trustee beheerde trustrekening of -rekenings inbetaal moet word;
(*e*) dat die opbrengs van kapitale winste, regte en bonusuitgifte in die betrokke effekte-trustskema ten bate van die besitters van onderaandeelsertifikate belê moet word;
(*f*) dat die bestuursmaatskappy wat die betrokke skema bestuur, verplig is om onderaandeelsertifikate terug te koop wat hom deur die besitters daarvan aangebied word; en
(*g*) dat die trustakte ooreenkomstig artikel *drie-en-twintig* gewysig mag word.
(2) Elke trustakte moet verder voorskryf—
(*a*) die beleggingsbeleid wat ten opsigte van die betrokke skema gevolg moet word;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**18.** Section *twenty* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 20 of Act 18 of 1947.

(*a*) by the insertion in paragraph (*b*) of sub-section (1) after the word "company" of the words "or institution";

(*b*) by the substitution for paragraph (*a*) of sub-section (2) of the following paragraph:

"(*a*) maintains a paid-up capital and unimpaired reserves together amounting to not less than one million rand;";

(*c*) by the addition at the end of paragraph (ii) of sub-section (3) of the words "and that the company or institution is by reason of the nature of its business sufficiently experienced and equipped to assume such duties and responsibilities";

(*d*) by the substitution in sub-section (4) for the words "five hundred pounds" of the words "two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment"; and

(*e*) by the addition at the end of sub-section (5) of the words "except where the trust deed in respect of such a scheme has after the commencement of the Unit Trusts Control Amendment Act, 1962, been amended to permit of the creation of further units in an existing unit portfolio or the creation of further unit portfolios which will comprise an unlimited number of units".

**19.** Section *twenty-one* of the principal Act is hereby amended by the addition of the following sub-section: Amendment of section 21 of Act 18 of 1947.

"(3) Any trustee under a unit trust scheme who fails to ensure *inter alia* that the provisions of the trust deed concerning the investment policy of the scheme are carried out, shall be guilty of an offence.".

**20.** The following section is hereby substituted for section *twenty-two* of the principal Act: Substitution of section 22 of Act 18 of 1947.

"Matters which must be provided for in trust deeds. **22.** (1) Every trust deed shall prescribe the rules for the administration of the unit trust scheme concerned and shall *inter alia* contain provisions to the following effect, namely—

(*a*) that the trustee shall, subject to the terms of the trust, hold the underlying securities in trust for the holders of unit certificates relating thereto;

(*b*) that the trustee shall countersign, graphically or otherwise, every unit certificate before it is delivered by the management company to a purchaser;

(*c*) that the trustee shall not so countersign any unit certificate unless he has received from the management company the cash proceeds of the issue of that certificate or securities to the required value, together with all documents necessary to effect transfer thereof;

(*d*) that—

(i) any moneys for investment accruing from the sale of units;

(ii) dividends, interest or any other income accruing on underlying securities;

(iii) the proceeds of capital gains, rights or bonus issues; and

(iv) any moneys received by the management company from the realization of underlying securities,

shall be handed to the trustee in cash or deposited in a trust account or accounts controlled by the trustee;

(*e*) that the proceeds of capital gains, rights and bonus issues shall be invested in the unit trust scheme concerned for the benefit of the holders of unit certificates;

(*f*) that it shall be incumbent upon the management company managing such scheme to repurchase units offered to it by the holders thereof; and

(*g*) that the trust deed may be amended in accordance with section *twenty-three*.

(2) Every such trust deed shall further prescribe—

(*a*) the investment policy to be followed in respect of the scheme concerned;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) die wyse waarop die verkoopprys van onderaandele bereken moet word;
(*c*) die bedinge en voorwaardes waarop die bestuursmaatskappy onderaandele sal terugkoop, en die wyse waarop die terugkoopprys bereken moet word;
(*d*) indien die bestuursmaatskappy onderneem om effekte ten opsigte van kwynende bates te amortiseer, die wyse waarop voorsiening vir sodanige amortisasie gemaak moet word;
(*e*) indien ander effekte as beurseffekte in enige effektegroep ingesluit mag word, die wyse waarop die markpryse van sodanige effekte vir die doeleindes van die skema bepaal moet word;
(*f*) die wyse waarop onderaandele van een besitter na 'n ander oorgedra moet word;
(*g*) indien toepaslik, die wyse waarop bykomende onderaandele vir verkoop aan die publiek geskep moet word;
(*h*) die wyse waarop die opbrengs van onderaandele bereken moet word; en
(*i*) die wyse waarop die aanvangsheffing en die diensgeld bepaal moet word.".

Wysiging van artikel 23 van Wet 18 van 1947.

**21.** Artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-artikels (1) en (2) deur die volgende sub-artikels te vervang:

„(1) Enige bepaling in 'n trustakte met betrekking tot 'n effekte-trustskema wat met 'n bepaling van hierdie Wet onbestaanbaar is, is nietig.

(2) Die partye by 'n trustakte kan by aanvullende akte enige bepaling van die betrokke trustakte verander of intrek of verdere bepalings daarby voeg, maar geen verandering of herroeping van of byvoeging tot 'n trustakte is geldig nie—

(*a*) tensy toestemming daartoe van die besitters van onderaandeelsertifikate op die wyse voorgeskryf in die trustakte verkry is: Met dien verstande dat indien die registrateur oortuig is dat so 'n verandering, herroeping of byvoeging nodig is alleen ten einde op meer gerieflike of ekonomiese wyse aan die bepalings van die trustakte gevolg te kan gee of ten einde die besitters van onderaandeelsertifikate andersins te bevoordeel, nie die belange van sodanige besitters sal benadeel nie, en nie die fundamentele bepalings of oogmerke van die trustakte verander of die uitwerking het om die trustee of die bestuursmaatskappy van enige verantwoordelikheid teenoor die besitters van onderaandeelsertifikate te onthef nie, hy kan gelas dat sodanige toestemming nie verkry hoef te word nie; of
(*b*) tensy die registrateur oortuig is dat so 'n verandering, herroeping of byvoeging niks bevat wat met die bepalings van hierdie Wet of met geldelik gesonde beginsels onbestaanbaar is nie.".

Wysiging van artikel 24 van Wet 18 van 1947.

**22.** Artikel *vier-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (1) die woord „unit", behalwe waar dit die tweede maal voorkom en waar dit die vyfde maal voorkom, deur die woorde „unit portfolio", en die woord „sub-units" deur die woord „units" te vervang;
(*b*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (2) die woord „unit" waar dit die eerste maal voorkom en waar dit die vierde maal voorkom deur die woorde „unit portfolio" te vervang; en
(*c*) deur die volgende sub-artikels by te voeg:

„(3) By die ontbinding van 'n effektegroep ingevolge hierdie artikel moet die bestuursmaatskappy alle groepvormende effekte so spoedig moontlik, met inagneming van die belange van die besitters van onderaandeelsertifikate, tot geld maak, maar hy loop geen aanspreeklikheid op uit hoofde van die uitoefening van sy diskresie aangaande die tyd vir die tegeldmaking van enige effekte nie.

(4) Die netto opbrengs van die tegeldmaking van sodanige effekte moet in 'n deur die trustee beheerde trustrekening inbetaal word, en moet onder die toesig en beheer van die trustee deur die bestuursmaatskappy onder die besitters van onderaandeelsertifikate en die maatskappy na verhouding van hul onderskeie belange daarin verdeel word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) the manner in which the selling price of units is to be calculated;
(*c*) the terms and conditions on which the management company will repurchase units and the manner in which the repurchase price is to be calculated;
(*d*) if the management company undertakes to amortize securities in respect of wasting assets, the manner in which provision is to be made for such amortization;
(*e*) if securities other than stock exchange securities may be included in any unit portfolio, the manner in which the market prices of such securities are to be determined for the purposes of the scheme;
(*f*) the manner in which units shall be transferred from one holder to another;
(*g*) if applicable, the manner in which additional units for sale to the public are to be created;
(*h*) the manner in which the yield from units is to be calculated; and
(*i*) the manner in which the initial charge and the service charge are to be determined.".

**21.** Section *twenty-three* of the principal Act is hereby amended by the substitution for sub-sections (1) and (2) of the following sub-sections: Amendment of section 23 of Act 18 of 1947.

"(1) Any provision in a trust deed relating to a unit trust scheme which is inconsistent with any provision of this Act shall be void.

(2) The parties to a trust deed may by supplemental deed alter or rescind any provision of such trust deed or add further provisions thereto, but no alteration or rescission of or addition to any trust deed shall be valid—

(*a*) unless the consent thereto of unit certificate holders has been obtained in the manner prescribed in the trust deed: Provided that if the registrar is satisfied that any such alteration, rescission or addition is required only to enable the provisions of the trust deed to be given effect to more conveniently or economically or otherwise to benefit the holders of unit certificates, will not prejudice the interests of such holders, and does not alter the fundamental provisions or objects of the trust deed or operate to release the trustee or the management company from any responsibility to the holders of unit certificates, he may direct that such consent be dispensed with; or
(*b*) unless the registrar is satisfied that any such alteration, rescission or addition does not contain anything inconsistent with the provisions of this Act or with sound financial principles.".

**22.** Section *twenty-four* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 24 of Act 18 of 1947.

(*a*) by the substitution in sub-section (1) for the word "unit", except where it occurs for the second time and where it occurs for the fifth time, of the words "unit portfolio", and for the word "sub-units" of the word "units";
(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the word "unit" where it occurs for the first time and where it occurs for the fourth time of the words "unit portfolio"; and
(*c*) by the addition of the following sub-sections:

"(3) Upon the winding-up of a unit portfolio in terms of this section the management company shall realize all the underlying securities as expeditiously as possible having regard to the interests of holders of unit certificates, but shall incur no liability by reason of the exercise of its discretion as to the time of realization of any securities.

(4) The net proceeds of the realization of such securities shall be deposited in a trust account controlled by the trustee, and shall under the control and supervision of the trustee be distributed by the management company amongst the holders of unit certificates and the company in proportion to their respective interests therein.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) In afwagting van die tegeldmaking van die groepvormende effekte by so 'n ontbinding moet die bestuursmaatskappy alle diwidende, bonusse en ander uitkerings wat ten opsigte daarvan toeval, invorder en die ingevorderde bedrae volgens voorskrif van sub-artikel (4) inbetaal en verdeel.".

Wysiging van artikel 25 van Wet 18 van 1947.

**23.** Artikel *vyf-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) na die woord „word" waar dit die tweede maal voorkom die woorde „of indien hy daartoe versoek word deur die trustee of deur die besitters van onder-aandele ter waarde van minstens vyf-en-twintig persent van die totale waarde van al die onderaandele ingevolge die skema uitgereik, behalwe dié wat deur die bestuursmaatskappy besit word" in te voeg.

Wysiging van artikel 26 van Wet 18 van 1947.

**24.** Artikel *ses-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur aan die end van paragraaf (*e*) van sub-artikel (1) die woord „of" by te voeg; en

(*b*) deur die volgende paragraaf aan die end van daardie sub-artikel by te voeg:

„(*f*) van die bestuursmaatskappy verlang om die bestuur van die trustskema neer te lê, waarop die trustee ooreenkomstig sy voorskrifte, maar behoudens die bepalings van artikels *drie* en *vier*, reëlings vir die oorname van die bestuur van die skema deur 'n ander maatskappy moet tref.".

Wysiging van artikel 27 van Wet 18 van 1947.

**25.** Artikel *sewe-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in die Engelse teks in sub-artikel (1) die woord „unit" deur die woorde „unit portfolio" te vervang; en

(*b*) deur sub-artikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 28 van Wet 18 van 1947.

**26.** Artikel *agt-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in paragraaf (*b*) van sub-artikel (2) die woorde „vyf-en-twintigduisend pond" deur die woorde „honderdduisend rand" te vervang; en

(*b*) deur in sub-artikel (3) die woorde „vyfhonderd pond" deur die woorde „tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf" te vervang.

Wysiging van artikel 29 van Wet 18 van 1947.

**27.** Artikel *nege-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur aan die end van paragraaf (*a*) en aan die end van paragraaf (*c*) van sub-artikel (3) die woorde „en op geldelik gesonde beginsels berus" by te voeg;

(*b*) deur aan die end van paragraaf (*b*) van daardie sub-artikel die woord „en" te skrap;

(*c*) deur aan die end van paragraaf (*c*) van daardie sub-artikel die woord „en" by te voeg en na daardie paragraaf die volgende paragraaf by te voeg:

„(*d*) dat effekte van 'n voldoende getal eiendomsmaatskappye in elke effektegroep ingesluit sal word ten einde 'n bevredigende verspreiding van beleggings te verseker,"; en

